

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

### Aansteek van die kerse

#### Lied 509

Op berge en in dale  
en oral is my God;  
waar ons ook telkemale  
mag swerwe, daar is God!  
Waar ons gedagtes swewe  
of styg, ook daar is God;  
omlaag en hoog verhewe,  
ja, oral is my God!

Roem, Christen, heel my lewe  
is veilig in my God;  
waar alles my begewe,  
of waar ek ly, is God;  
waar troue vriendehande  
nie red nie, daar is God;  
selfs in die dood se bande  
ja, oral is my God!

## Woorddiens

Tema: Geseëndheid

Skriflesing: Lukas 6:17-26

"One of the main functions of organized religion is to protect people against a direct experience of God."

— Carl Jung

"God has fallen out of containment in religion and into human hearts—God is incarnating. Our whole unconscious is in an uproar from the God Who wants to know and to be known."

— C. G. Jung

#### Broodjies vir die pad

"My Lord God, I have no idea where I am going. I do not see the road ahead of me. I cannot know for certain where it will end. Nor do I really know myself, and the fact that I think that I am following your will does not mean that I am actually doing so. But I believe that the desire to please you does in fact please you. And I hope I have that desire in all that I am doing. I hope that I will never do anything apart from that desire. And I know that if I do this you will lead me by the

right road though I may know nothing about it. Therefore will I trust you always though I may seem to be lost and in the shadow of death. I will not fear, for you are ever with me, and you will never leave me to face my perils alone."

— Thomas Merton, *Thoughts in Solitude*

"Loneliness does not come from having no people about one, but from being unable to communicate the things that seem important to oneself, or from holding certain views which others find inadmissible."

— Carl Gustav Jung

"Count your blessings, not your problems. Count your own blessings, not someone else's. Remember that jealousy is when you count someone else's blessings instead of your own."

— Roy T. Bennett, *The Light in the Heart*

#### Ruimtekapers, dít is nié goeie maniere nie!

*Wilhelm Jordaan*

Staatskaping is 'n gruwel. Net so 'n gruwel is die kaping van 'n mens se persoonlike ruimte. Soos dit elke dag ongeveer oral gebeur: In inkopiesentrums, hysbakke, sypaadjes, parke, dokters se wagkamers, hospitaalsale, restaurante enso(kapend)voort.

Dít alles te wyte aan hoe mense hul slimfone in openbare ruimtes gebruik. Nou die dag het ek die ergste daarvan nog beleef: 'n Jongerige man in 'n netjiese pak klere het in die middel van 'n besige T-aansluiting in 'n inkopiesentrum sy slimfoon uitgepluk en luidkeels, kwaad en al bulderend en armswaaiend bevele aan 'n arme iemand aan die ontvangkant gegee.

Hy het kompleet soos 'n woeste prediker op 'n spreekstoeltjie of seepkissie op Speaker's Corner in Londen se Hyde Park gelyk. 'n Mens kon elke woord hoor. Dit het geklink of hy die verwoede evangelie van sukses en doeltreffendheid aan sy volgelinge verkondig.

Met sy wapperende baadjiepante met rooi satyn-binnevoering het hy by tye kompleet gelyk soos 'n stiervegter wat met vasgenaelde aandag systap en trippel en sy rooi doek swaai en draai om 'n stormende bul te tart. Van hoe mense om hom moes padgee en verbyglip was dié (luid)spreker salig onbewus.

Agterna het ek gewonder oor lewensruimte en die inkrimpende aard daarvan. Kundiges reken mense het drie verwante dinge vir lewensruimte nodig.

Allereers privaatheid wat jou toelaat om as 't ware te kan sê: "Ek of ons wil alleen wees." Dit beteken jyself kan grense oor jou kontak met ander mense stel.

Mense begeer ook om 'n "plek" of "gebied" te hê waarvan jy kan sê: "Dit is myne."

Volgens die Amerikaanse skrywer Robert Ar-drey is plekbewustheid 'n genetiese drif by mens en dier; 'n "territoriale imperatif". Minder elegant sing Kurt Cobain van jou plek wat "territorial pissings" toelaat.

En D.J. Opperman skryf digterlik oor “plek” in sy Edms. Bpk.: “Ek het ’n stukkie grond gekoop / met melkhout op; dit afgekamp / en teen die hek ’n naam geverf / sodat verbygangers besef: / Dis Dirk se erf.”

Wat is persoonlike ruimte? ’n Soort “drywende borrel” wat jy om jou het en wat jyself laat krimp en rek om beheer te hê oor hoe naby jy mense onder verskillende omstandighede aan jou laat kom.

’n Duitse fabel beskryf persoonlike ruimte raak: Op ’n koue dag het die ystervarke vir so-siale verkeer byeengekom. Omdat dit koud was, het hulle al nader aan mekaar geskuif, maar toe gevind hul penne steek mekaar. Toe skuif hulle verder van mekaar, maar kry toe weer koud.

Só het die proses aangegaan totdat hulle ’n afstand gevind het waar hulle tegelyk warm en gemaklik sonder pyn kon wees. Van toe af was dié afstand as “goeie maniere” bekend.

Daar het jy dit: Om met jou slimfoon openbare ruimtes skouspelagtig te kaap asof dit jóú ruimte is, is nie goeie maniere nie!

*Jordaan is ’n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/ruimtekapers-dit-is-nie-goeie-maniere-nie-20190212>

“God changes his appearance every second. Blessed is the man who can recognize him in all his disguises.”

— Nikos Kazantzakis, *Zorba the Greek*

“The beginning of love is the will to let those we love be perfectly themselves, the resolution not to twist them to fit our own image. If in loving them we do not love what they are, but only their potential likeness to ourselves, then we do not love them: we only love the reflection of ourselves we find in them”

— Thomas Merton, *No Man Is an Island*

“It is very important that you only do what you love to do. you may be poor, you may go hungry, you may lose your car, you may have to move into a shabby place to live, but you will totally live. And at the end of your days you will bless your life because you have done what you came here to do. Otherwise, you will live your life as a prostitute, you will do things only for a reason, to please other people, and you will never have lived. and you will not have a pleasant death.”

— Elisabeth Kübler-Ross

## Brood vir die pad

**Weeklag en stryd kan ink wees vir verhale van hoop**

*RRV*

Ons gesprek gaan oor klaagliedere en stryd, maar ook oor hoop. Én oor teologie uit en vir Afrika. Die geleentheid is die jaarlikse theologiese dag van die fakulteit teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

Die hoofspreker, die Suid-Afrikaanse teoloog en intellektueel Tinyiko Maluleke, wys in sy voordrag op die skade wat sekere vorme van teologie-beoefening op ons vasteland

teweeggebring het, maar hy vra ook aandag vir die ryk bronre wat benut kan word vir ’n geloof en teologie wat ons gesuiteerdheid in Afrika ernstig opneem.

Iewers in sy lesing verwys Maluleke na ’n vertelling waar mee die Ugandese teoloog Emmanuel Katongole sy boek *Born from Lament: The Theology and Politics of Hope in Africa* afsluit.

By die amptelike ondertekening in 2002 van die dokument wat aan twee jong gelowiges uit Oos-Afrika die status van martelaar verleen, het die ink van pous Johannes Paulus II se pen opgeraak.

Hy leen toe die Afrika-aartsbiskop se pen, en vir Katongole (en Maluleke) word dit ’n simbool van die moontlikheid dat stories van hoop uit Afrika die ink word wat nuwe lewenskrag aan die Christendom se verhaal in die 21ste eeu sal verleen.

Katongole vra in sy boek hoe ’n politiek van hoop in Afrika lyk. Wat opval in sy bespreking van dié vraag, is dat hy nie hoop van verskriklike realiteite soos oorlog, geweld, uitbuiting, verkragting, korupsie en armoede wil skei nie.

Maar wat Katongole wel ook in sy boek wil uitwys – onder meer deur die verhale van mense wat volgens hom hoop beliggaam – is dat hoop te midde van swaarkry en stryd vorm aanneem, ook dikwels as ’n argument en worstelstryd met God.

Daarom sy stelling, in aansluiting by sy boek se titel: “Hope is born from lament.” Hoop is dus nie maar net ’n soort optimisme wat die oë vir die harde werklikheid sluit nie.

Een van die stories waarna Katongole in sy boek verwys, is die merkwaardige bediening van aartsbiskop Christophe Munzihirwa van die DRK. Hy het hom daarvoor beywer dat Rwandese vlugtelinge ná die volksmoord van 1994 met menslikheid en billikheid behandel word, en in die proses het hy met sy lewe geboet.

Katongole vra wat sy bediening gemotiveer het, en hy vind deel van die antwoord in een van Munzihirwa se gunsteling-uitdrukings, ’n aanhaling wat ons herinner dat weeklag en worsteling inderdaad die ink vir verhale van hoop kan wees:

“There are things that can be seen only with eyes that have cried.”

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/weeklag-en-stryd-kan-ink-wees-vir-verhale-van-hoop-20190208>

“So in our own poor hides and from our miserable comrades we learn the nature of satiety. Satiety depends not at all on how much we eat, but on how we eat. It's the same with happiness, the very same...happiness doesn't depend on how many external blessings we have snatched from life. It depends only on our attitude toward them. There's a saying about it in the Taoist ethic: 'Whoever is capable of contentment will always be satisfied.' ”

— Aleksandr Solzhenitsyn, *The First Circle*

## Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor  
ubi caritas, Deus ibi est.*